Les 6: Dade het gevolge

'n Les gemik op pre-tieners (gr 4-7)

Skrifgedeelte
Genesis 27: 36 - 45

Doel
Dat kinders sal besef dat hulle verantwoordelikheid sal neem vir hul keuses en dat daar altyd gevolge is van hul dade (keuses), hetsy positief of negatief.

Inleiding
"Cheat" kaartspeletjie (kan in 'n groot groep gedoen word)

- Benodig een pak kaarte vir elke 6 kinders.
- Elke speler moet dieselfde hoeveelheid kaarte hê. Orige kaarte word eenkant gesit.
- Die doel van die speletjie is om eerste van al jou kaarte ontslae te raak.
- Die "dealers" begin die speletjie deur 'n kaart met die gesig na onder, in die middel neer te sit. Hy sê watter kaart dit is, bv. 'n 7.
- Die volgende speler sit sy kaart bo-op die kaart neer en sê ook wat sy kaart is. Die doel is om altyd 'n hoër kaart as die vorige persoon neer te sit.
- Enige speler mag "cheat" deur 'n ander kaart neer te sit as wat hy sê.
- Nadat 'n kaart neergesit is, mag enige ander speler dit "challenge" deur hardop te sê "CHEAT".
- Die boonste kaart word dan omgedraai. As die speler wel verneuk het, moet hy die hele pak kaarte neem. Indien hy die waarheid gepraat het, moet die uitdager al die kaarte vat.

Debrief
Vra die volgende vrae: Kinders gesels in klein groepies en gee terugvoer aan die groot groep.
- Is "cheating" OK indien jy nie uitgevang word nie?
- Hoe voel julle as 'n "cheater" uitgevang word en die gevolge moet dra vir sy dade?

OOGGETUIE NUUS!
('n Kind is 'n verslaggewer in 'n TV-ateljee. Hy skakel oor na 'n verslaggewer op die toneel waar daar 'n familiedrama afspeel! Hy voer 'n onderhoud met elkeen van die familielede. Vrywillige kinders is die karakters wat die teks aflees en dit dramatiseer.)

Ateljee: Dit is Ooggetuienuus! Goeienaand uit die ateljee! Ons het pas verneem van 'n groot familiedrama. Ons skakel dadelik oor na ons verslaggewer op die toneel.

Verslaggewer: Goeienaand kykers. Ek is hier in Berseba by die Isak familie. Hier was groot drama. Ons praat nou met Mnr. Isak om te hoor wat het presies gebeur. Mnr Isak is 'n baie ou man, so te sê blind en half verbaas oor wat gebeur het. Mnr Isak, vertel vir ons wat gebeur het.

Isak: Ai, ek weet nie lekker hoe dit begin het nie. Toe ek my oë uitvee, was my tweeling seuns woedend vir mekaar. Ek is so teleurgesteld in hulle albei.

Verslaggewer: Wat kon hulle so kwaad gemaak het?

Esau: Ek is Eau. Ek is die oudste.Ek sal vir jou presies vertel wat hier gebeur het! Dit is alles my broer se skuld. Hy is 'n skelm en hy verdien wat nou na sy kant toe kom!

Rebekka: (Huilend). My kind is weg! Hy moes vlug vir sy eie broer wat hom wil doodmaak! Hy moet nou 'n nuwe lewe begin met niks, in 'n plek waar hy niemand ken nie, ver weg van ons wat hom liefhet!

Esau: Dis sy verdiende loon. Hy het my tweekeer verneuk! Eers het hy my geboortereg gevat en toe my seën. Sy naam is nie verniet Jakob nie, want hy is 'n regte bedrieër!

Verslaggewer: Wat bedoel jy met geboortereg en seën?

Esau: As oudste seun sou ek die meeste van my pa se besittings geërf het. Dit is die geboortereg. Aangesien my pa 'n baie ryk man is, is dit nogal 'n gevoelige slag vir my om dit te verloor. Die seën is 'n belangrike teken van God se betrokkenheid by mense. (Dit is soos 'n kind se ma wat vir hom 'n selfoon saam skool toe gee as teken dat sy in kontak met hom wil bly en dat hy vir haar belangrik is.)

Rebekka: Esau my kind, jy het nie baie omgegee vir jou geboortereg nie. Jy het dit verruil vir 'n pot lensiesop wat Jakob gemaak het. Vir Jakob was die geboortereg baie belangrik, ook die seën. Dit was miskien nou nie reg dat hy jou daaroor verkul het nie, maar ...

Easu: Dis nie "fair" nie, want kyk, nou het ek niks. Al wat ek kry, is om op 'n slegte stuk grond te bly met min reën en oeste. Ek gaan hom doodmaak as ek hom in die hande kry.

Verslaggewer: Waar is Jakob dan nou?

Werker (kom versigter nader): Meneer, ons het gehoor Mnr Jakob se ma het vir hom gesê om te vlug na sy oom Laban wat in Haran woon. Dit is baie ver hiervandaan af. Fluisterend: Dis seker al hoe Mnr Jakob veilig kan wees van Mnr Esau. Mnr Esau is so kwaad, hy sal Mnr Jakob sekerlik doodmaak as hy hom in die hande kry.

Debrief

Vra die volgende vrae en gesels daaroor in die groot groep.

- Watter slegte keuses het Jakob gemaak?
- Wat was die gevolge van sy slegte keuses?
- Hoe het die gevolge van die slegte keuses ander mense affekteer?
- Watter slegte keuses het Esau gemaak?
- Wat was die gevolge van sy slegte keuses?
- Hoe het die gevolge van die slegte keuses ander mense affekteer?

Aktiwiteit

- Elke kind kry 'n pen en 'n papier met die onderstaande tabel daarop.
- Hy doen dit op sy eie.

- Ons is konstant besig om keuses te maak. Soms maak ons goeie keuses wat baie goeie gevolge het. Soms maak ons swak keuses wat vir ons in die moeilikheid bring en ons verhoudings met ander skade aandoen.
- Waar kan ons hulp kry as ons keuses moet maak. Kinders antwoord.
- Kom ons hoor wat sê die Bybel hieroor.
- Soek Jakobus 1:5. (Kind wat dit eerste vind, lees dit hardop vir die groep.)
- Hoor hoe klink dieselfde vers in 'n ander vertaling. (Lees die vers uit die Boodskap)
- "As julle egter in 'n situasie kom waar julle twyfel oor wat die regte ding is om te doen, gaan vra vir God. ... Hy sal julle eerder help met alles wat julle nodig het. Gaan vra; Hy sal gee."

- Wat dink jy wil God hê jy moet weet?

SLOT

God wil jou help met jou keuses. Moenie soos Jakob of Esau wees nie. Vra eerder God se hulp.

Sluit af met gebed.

Dink aan 'n goeie keuse en skryf dit hier neer.	Dink aan 'n swak keuse en skryf dit hier neer.
Wat was die gevolge van jou goeie keuse?	Wat was die gevolge van jou swak keuse?
Hoe het jou goeie keuse ander affekteer?	Hoe het jou swak keuse ander affekteer?